Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

29 April 2018

Eredienste:
08h30: Ds Marietjie Steyn (Jes 45)
10h00: Ds Marietjie Steyn (Jes 45) *Kom drink saam koffie na die diens in die kerksaal.*
18h00: Ds Marietjie Steyn (Jes 44) *Kom drink saam koffie na die diens in die kerk.*

DEURKOLLEKTE: Alta du Toit Nasorg – 27 Mei 2018
PREDIKANTE AFDAG: ds. Thinus en ds. Elmarie – Maandag ds. Marietjie – Vrydag
VERLOF: ds Marietjie is met langverlof vanaf 2 Mei tot 10 Jun 2018.

Die kerkkantoor is gesluit tydens die vakansiedae en skolevakansie dag op 27 & 30 Apr asook 1 Mei.

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens. Indien jy nog nie jou lidmaatskap amptelik na ons verskuif het nie, voltooi gerus 'n lidmaatskapvorm (in die voorportaal).
Biduur en Gebedsversoeke: Biduur groep is elke Donderdag om 09:00. Sms/Whatsapp gebedsversoeke na 082 451 3312
Selgroepe: Wouter Kriegler wkriegler@gmail.com
Predikante eposse: Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

BINGO
Huis Zonnekus se bejaardes geniet elke week se Bingo verskriklik baie en is so dankaar vir die lekkernye wat daarmee gepaard gaan! Daarom wil ons graag weer vra vir enige skenkings van klein sjokolades, klein pakkies koekies, malvalekkers, stringe skyfies, ens. Dit kan by die kerkkantoor gelos word. Navrae: Sandra 072 218 7272

NUWE ECHO HUIS IN YSTERPLAAT
Echo begin binnekort 'n nuwe huis saam met Ysterplaat Gemeenskap kerk. Ons is tans besig om kamers in te rig in die kerksaal. Ons wil graag op hierdie manier 'n verskil maak in die gemeenskap. Ons is op soek na veral beddens en kaste om in die kamers te sit. As jy op enige manier kan help, kontak asb. vir Niel Steyn by 0846881080 of niel@echoyouth.co.za

GESIGGIES
Gesiggies is 'n voedingsprojek by Tygerhof Laerskool waar toebroodjies aan behoeftige kinders daagliks gegee word. Vir party kinders is dit die enigste kos wat hulle vir die dag ontvang. Ons maak gereeld gebruik van **Grondboontjiebotter, Fyn konfyt, Geblikte vis, Boeliebief, Nutella, Tamatiesous, Mayonaise, Milo/Warm sjokolade, Langlewe melk, Eiers.** Skenkings kan by die kerkkantoor afgegee word en vir navrae kan u vir Frieda Lamers kontak by 082 979 4048.

JUNIOR JEUG – NUWE VOORSKOOLSE KATEGEET
Lus vir 'n lekker nuwe uitdaging? Hier is jou kans! Ons is op soek na 'n nuwe Kategese groepleier vir 3-4 jariges. Ons help met die materiaal en lessie voorbereiding maar ons het jou nodig om te kom liefde en aandag gee. As jy belangstel, kontak asb. vir Marietjie of Carina (082 926 6428)

DVD PAASSANGDIENS
Die Paassangdiens DVD kan nou gekoop word teen R50 by die kerkkantoor. 'n Beperkte hoeveelheid is nou beskikbaar. Navrae: 021 554 1290

JONGWERKENDE SELGROEPE
As jy nuut is in die area of dalk vir die 1ste keer tyd het, kontak ons asseblief of sluit aan by 'n selgroep! wkriegler@gmail.com

JUNIOR JEUG T-HEMPIES
Kom pas asb die t-hempies aan om seker te maak van die groottes en bestel die nuwe kerk t-hemp vir jou kinders. Navrae: Carina 082 926 6428.

GEMEENSKAPSETE
Elke Maandagaand by NG Tableview word 'n ete gehou vir haweloses, maar enige iemand is welkom! As jy wil kos maak sal dit baie waardeer word!!

NAMIBIë UITREIK

Ons gaan weer op ons jaarlikse uitreik na die Kaokoland tydens die skoolvakansie vanaf 22 Jun tot 6 Jul 2018. As jy dit oorweeg om saam te kom, of wonder wat dit behels, kontak vir Niel by 084 688 1080.

Ons het egter weer julle hulp nodig met ’n paar dingetjies:

- Asseblief bid solank dat die Here mense se harte sal voorberei vir die werk wat Hy wil doen en ook vir die bietjie admin. wat nog moet gebeur voor ons kan vertrek.
- Borg ’n kind. Dit is natuurlik nie goedkoop om vir 2 weke so vêr te reis nie en nie almal kan die uitgawes bekostig nie.
- Beskuit – Ons vat altyd ’n paar bakke beskuit saam en julle s’n proe die beste!
- Sokkerballe en skryfbehoeftes – Ons vat dit vir die skole daar. Die sokkerballe kan maar afgeblaas wees, dan vat dit minder plek.

Vir meer Inligting kontak ds Niel Steyn 084 688 1080.

JUNIOR JEUG PROGRAM

29 Apr Langnaweek	6 Mei Lessie 1	13 Mei Lessie 2
20 Mei Lessie 3 (Pinkster)	25 Mei Speletjiesaand	27 Mei Lessie 4
3 Jun Lessie 16	10 Jun Lessie 17	17 Jun Lessie 18
22 Jun Skole sluit	25-27 Jun Pretweek	

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	18h00	Opmerkings
29/04/2018	M	M	M	
06/05/2018	T	T	E	Doop 10:00
10/05/2018	-	-	19:00 – E	Hemelvaart 19:00
13/05/2018	E	E	T	Moedersdag
14-17 Mei	-	-	19:00 – T	Pinkster 19:00 (Herhaling 10:00 soggens)